**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**


DEUS EST VITA

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

---

45% WATERBEPERKINGS \ 45% WATER RESTRICTIONS \ 45% UKUTSHATHWA KWAMANZI



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***
***Use water sparingly. Every drop counts.***
***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

**NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 MAART 2018 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG**

**TEENWOORDIG**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me) | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdh. SR Claassen | [ANC] | | |
| Rdl. BJ Claasen | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. GJ Goliath | : | Munisipale Bestuurder - waarnemend |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Me. Z Julius | : | Interne Ouditeur - waarnemend |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordbestuur |
| Me. AA Somers | : | Klerk: Komitees |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN001/03/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Me. Somers open die vergadering met 'n gebedslied, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.

***

**RVN002/03/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Munisipale Bestuurder – verlof
Raadsheer Swart – verskoning
Raadsdame Smit – mediese redes
Raadslid Daniels – ongesteld
Interne Ouditeur – ander munisipale verpligtinge

***

**RVN003/03/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare teenwoordig verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/03/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP VRYDAG 16 FEBRUARIE 2018**
**3/2/2**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Vrydag 16 Februarie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**RVN005/03/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 27 FEBRUARIE 2018**
**3/3/2/2**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 27 Februarie 2018 bekragtig word.

***KLERK: KOMITEE DIENSTE (AA SOMERS)***

***

**RVN006/03/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE SPESIALE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP VRYDAG 16 FEBRUARIE 2018**
**3/3/2/2**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lewer mondelings terugvoering met betrekking tot die verslag oor die Raadsbesluite van die vergadering wat gehou is op Vrydag 16 Februarie 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN007/03/2018**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 27 FEBRUARIE 2018**
**3/3/2/2**

Die Speaker lei die item in en lees puntsgewys deur die verslag van die Raadsbesluite van die vergadering wat gehou is op Dinsdag 27 Februarie 2018.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/03/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/03/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

- Dat Raadsdame Smit en Raadslid Daniels ongesteld is en wens hulle 'n spoedige herstel toe; en
- Dat Me. Somers in die huwelik tree op Saterdag 21 April 2018, waarna hy haar geluk en voorspoed toewens.

Die Waarnemende Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

- Dat die Uitvoerende Burgemeester namens die Raad op Dinsdag 20 Maart 'n toekenning ontvang het van die Porterville Gemeenskapsvereniging.

Op versoek van die Speaker met betrekking tot die aftekening/voltooiing van delegasies, meld die Direkteur Korporatiewe Dienste dat die delegasies terug ontvang is en dat hy ondersoek sal instel indien daar enige uitstaande delegasies is.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN010/03/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN011/03/2018**
**EERSTE DRINGENDE MOSIE: DIE ROL VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT IN UITSETTINGS EN PLAASWERKERS SE OMSTANDIGHEDE OP PLASE**
**3/3/1/5**

Met toestemming van die Speaker, lei Raadslid Claasen die item in en lees die mosie voor aan die Raad.

Sien verdere notulering by item RVN027.

***

**RVN012/03/2018**
**TWEEDE DRINGENDE MOSIE: DIE OPKNAPPING VAN TAXI RANK EN BUS STAANPLEK IN PIKETBERG**
**3/3/1/5**

Raadslid Claasen lei die item in en lees die mosie voor aan die Raad.

Sien verdere notulering by item RVN028.

***

**RVN013/03/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**RVN014/03/2018**
**AANSOEK VIR VERMAAKLIKHEIDSLISENSIE**
**15/3/8**

Raadsheer Van Rooy lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die aansoek om vermaaklikheidslisensie ten einde 'n diskoteek/ vermaaklikheidsplek op Erf 789, Piketberg toe te laat, **afgekeur word** in terme van Bergrivier Munisipaliteit se Beleid insake Vermaaklikheidslisensies omrede:
   1.1 Die gebou nie geskik is vir 'n vermaaklikheidsplek nie, aangesien daar nie voldoen word aan die voorgeskrewe brandveiligheid/ rampbestuur vereistes nie en die nie-nakoming daarvan kan daartoe lei dat persone ernstig beseer word ten tye van 'n noodsituasie;

***BESTUURDER: BEPLANNING EN ONTWIKKELING***

1.2 Die besware ten opsigte van klankdigtheid wel meriete het en gehandhaaf word, aangesien die vermaaklikheidsplek steurnisse veroorsaak vir omliggende bewoners;

1.3 Daar nie aan die vereistes vir op-perseel parkering voldoen word nie;

2. Dat geluidsisolasiemaatreëls geïmplimenteer moet word ooreenkomstig hul goedgekeurde voorstelle, ingevolge die vereistes van Wes-Kaapse Geraasbeheerregulasies afgekondig ingevolge die Wet op Omgewings-bewaring, 1989 (Wet no. 73 van 1989) en gesertifiseer word deur 'n geregistreerde akoestiese ingenieur as bewys van uitvoering daarvan; en

3. Dat 'n nuwe aansoek om vermaaklikheidslisensie ingedien kan word met bewyse van nakoming van brandveiligheid- en parkering vereistes, asook klankdigtheid, soos vervat in die redes vir afkeuring, tot bevrediging van hierdie munisipaliteit.

**RVN015/03/2018**
**VERORDENING INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS**
**1/4/1**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die gewysigde Verordening Insake Reëls vir die hou van Vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit in beginsel aanvaar word en gepubliseer word vir openbare kommentaar.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE***

***

**RVN016/03/2018**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JANUARY 2018**
**5/1/2**

The Portfolio Chairperson gave a brief background to the item under discussion, whereafter the Director Financial services took the Committee through the report.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for January 2018.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN017/03/2018**
**KONSEP-PROSESPLAN VIR BOKKOMLAAN**
**15/1/5/9**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Raadsheer Claassen versoek dat 'n ondersoek terplaatse gedoen word by Bokkomlaan, Velddrif. Die Uitvoerende Burgemeester bevestig dat 'n ondersoek terplaatse sal geskied wanneer die Raad strategiese rigting aan die administrasie sal gee hoe om die prosesplan verder uit te rol.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die prosesplan en die kort termyn implementering daarvan; en
2. Dat 'n werkswinkel gereël word om die Raad se strategiese rigting te bepaal met betrekking tot Bokkomlaan vir implementering deur die administrasie.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN018/03/2018**
**OVERSIGHT REPORT ON THE 2016/2017 ANNUAL REPORT SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 129 OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**5/1/2**
***('n Visuele voorlegging word gedoen)***

Raadsheer Claassen as Voorsitter van die Oorsigkomitee lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking, waarna hy die Raad puntsgewys deur die voorlegging neem.

Hy bedank die Administrasie vir die goeie verslae wat aan die Oorsigkomitee voorgelê is asook die Bestuurder: Strategiese Dienste en haar span vir hul goeie ondersteuning.

Verskeie vrae, insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Die Uitvoerende Burgemeester stel voor dat Raadslid Du Plooy vervang word met Raadslid Small as Oorsigkomiteelid en versoek dat die ANC ook 'n vroulike raadslid nomineer.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council adopts the Oversight Report and approves the 2016/17 Annual Report without reservations in terms of Section 129 (1)(a) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003);

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

2. That the Accounting Officer submit copies of the minutes of this Council Meeting to the Auditor-General, the relevant Provincial Treasury and the Provincial Department responsible for Local Government in the Province; and
3. That the Accounting Officer make the Oversight Report public in accordance with section 21A of the Municipal Systems Act within seven (7) days.

***

**RVN019/03/2018**
**DRAFT FIRST REVIEW OF THE FOURTH GENERATION INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN (IDP)**
**15/1/5/5**

The Manager: Strategic Services gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the draft First Review 2018/19 of the IDP for Bergrivier Municipality be approved in terms of Section 25(1) of the Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) for the purposes of obtaining public inputs and comments;
2. That the draft First Review of the IDP be advertised for public inputs and comments during April 2018;
3. That the draft First Review of the IDP be submitted to the Provincial Department of Local Government, Provincial Treasury, National Treasury and the West Coast District Municipality; and
4. That the draft First Review of the IDP be submitted to the Mayoral Committee during May 2018 and to Council before the end of May 2018 for final consideration.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN020/03/2018**
**DRAFT FINAL BUDGET 2018/2019**
**9/1/1**

The Portfolio Chairperson gave a brief background to the item under discussion.

Alderman Claassen requested that a hard copy of the Draft Final Budget be circulated to him.

The Executive Mayor thanked the Deputy Mayor, Director Financial Services and all the financial officials at Bergrivier Municipality for their inputs made to compile the Draft Final Budget 2018/2019.

Various inputs and comments were made by the Councillors and Officials.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts:

   a) The annual budget of the municipality for the financial year 2018/19 and the multi-year and single-year capital appropriations as set out in the following tables:
   i) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by standard classification) – Table A2;
   ii) Budgeted Financial Performance (revenue and expenditure by municipal vote) – Table A3;
   iii) Budgeted Financial Performance (revenue by source and expenditure by type) – Table A4; and
   iv) Multi-year and single-year capital appropriations by municipal vote and standard classification and associated funding by source – Table A5;

   b) The financial position, cash flow budget, cash-backed reserve/ accumulated surplus, asset management and basic service delivery targets are approved as set out in the following tables:
   i) Budgeted Financial Position – Table A6;
   ii) Budgeted Cash Flows – Table A7;
   iii) Cash backed reserves and accumulated surplus reconciliation – Table A8;
   iv) Asset management – Table A9;
   v) Basic service delivery measurement – Table A10;

2. That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2018:

   a) the tariffs for property rates;
   b) the tariffs for electricity;
   c) the tariffs for the supply of water;
   d) the tariffs for sanitation services;
   e) the tariffs for solid waste services;

3. That the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of 75A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act 32 of 2000) approves and adopts with effect from 1 July 2018 the tariffs for other services as contained in the tariff list included in the budget document;

4. That to give proper effect to the municipality's annual budget, the Council of Bergrivier Municipality approves:

   a) That cash backing is implemented through the utilisation of a portion of the revenue generated from property rates to ensure that all capital reserves and provisions, unspent long-term loans and unspent conditional grants are cash backed as required in terms of section 8 of the Municipal Budget and Reporting Regulations;

   b) That the municipality be permitted to enter into long-term loans for the funding of the capital programmes in respect of the 2018/19 financial year limited to an amount of R6.950 million in terms of Section 46 of the Municipal Finance Management Act;

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

c) That the Municipal Manager be authorised to sign all necessary agreements and documents to give effect to the above lending programme; and

5. That the following policies was reviewed and the Council of Bergrivier Municipality, acting in terms of section 24 of the Municipal Finance Management Act, (Act 56 of 2003) approves and adopts the following existing policies:

   a) Asset management policy
   b) Cash Management and Investment policy
   c) Credit control and Debt collection policy
   d) Property Rates policy
   e) Tariff policy
   f) Virement policy
   g) Property Rates Bylaw
   h) Supply Chain Management policy
   i) Borrowing Policy
   j) Funding, Reserves and Long Term Financial Planning Policy; and
   k) Budget Implementation and Monitoring Policy.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN021/03/2018**
**DRAFT SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) 2018/19**
**15/1/5/5**

The Manager: Strategic Services gave a brief background to the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the Draft Top Level Service Delivery Budget Implementation Plan (TL-SDBIP) 2018/19 be noted and recommended to the Executive Mayor for final approval as per Section 53(1)(c)(ii); and

2. That the Draft Top Level Service Delivery Budget Implementation Plan be advertised together with the Draft IDP Review and Draft Budget for the 2018/19 Financial Year as to request public input.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN022/03/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 15 FEBRUARIE 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Donderdag 15 Februarie 2018.

***

**RVN023/03/2018**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 27 FEBRUARIE 2018**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 27 Februarie 2018.

***

**RVN024/03/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Speaker bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste en Provinsie vir die druk van die wykskalenders: 2018 wat aan die Wyksraadslede en Komitee versprei sal word.

***

**RVN025/03/2018**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN026/03/2018**
**BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD**

Geen

***

**RVN027/03/2018**
**EERSTE DRINGENDE MOSIE: DIE ROL VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT IN UITSETTINGS EN PLAASWERKERS SE OMSTANDIGHEDE OP PLASE**
**3/3/1/5**

Na verskeie insette en kommentaar stel die Uitvoerende Onderburgemeester voor dat die item verder bespreek word by die Gemeenskapsdienste Komiteevergadering.

**Die onderstaande besluit is eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die bostaande mosie verwys word na die Gemeenskapsdienste Komitee;
2. Dat 'n verslag met betrekking tot die hantering van wettige uitsettingsbevele voorgelê word by die volgende Gemeenskapsdienste vergadering; en

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

3. Dat opleiding vir Raadslede aangebied word met betrekking tot ESTA-wetgewing.

***(04/04/2018)***
***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**RVN028/03/2018**
**TWEEDE DRINGENDE MOSIE: DIE OPKNAPPING VAN TAXI RANK EN BUS STAANPLEK IN PIKETBERG**
**3/3/1/5**

Verskeie vrae insette en kommentaar word gelewer deur die Raadslede en Amptenare.

Raadsheer van Rooy lig die Raad in dat 'n dringende gesprek gevoer moet word met die Departement van Vervoer rakende die Taxi-Vereniging in Piketberg om alle operasionele kwessies te bespreek.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

**KENNIS GENEEM**

***

## ***DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:15***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

BERGRIVIER
24 APR 2018
MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

***VOORSITTER (SPEAKER)***

***DATUM***